

23 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21
Fokusgedeelte: NGB, Art 26

Die liefde van ons Middelaar

Liefde is nie die gevoel wat jy voel wanneer jy die gevoel voel wat jy nog nooit vantevore gevoel het nie. Die gevoel hoort wel daarby, maar liefde is 'n DAAD, 'n daad van selfopoffering. Ware liefde ken daarom altyd 'n "hiérin" (vers 9). Dit kan uiteindelik nie geheim bly nie, dit word sigbaar, konkreet bewys.

Sulke liefde is God, het Hy vir jou! (vers 16). In ons Skrifgedeelte wys Hy na die krip in Betlehem en sê: HIERIN is my liefde vir jou geopenbaar (vgl. vers 9). Dit is liefde wat 'n mens laat steier! God se daad van liefde is om Homself vir jou prys te gee. So betaal Hy jou sondeskuld en mag jy altyd in 'n verhouding van liefde met Hom lewe.

Wie hierdie liefde vind moet daarin bly. Dit beteken: Ken dit, glo dit, gebruik dit (vers 16):

Gaan enige tyd vrymoedig na God toe. Christus, die konkrete bewys dat God jou liefhet, sit mos langs God! Hý stel jou saak by God. Die antwoord kan net vol ware liefde wees.

Sê elke dag, elke oomblik vir jouself: "Ek is 'n geliefde mens – God se geliefde mens." Leef met 'n glimlag!

Sulke geliefde mense word "hierin-mense". Hulle gaan kuier met 'n melktert by die bure en sê: "Hierin". "Hierin," sê hulle as hulle trots 'n voltooide taak oorhandig. Oor alle dienswerk, gawes en hulp aan die armes skryf hulle "hierin". Saans dek hulle kinders toe, gee mekaar 'n drukkie en fluister "hierin". "Hierin wys ek jou dat God liefhet!" (Vergelyk vers 19.)

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)